

10 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 14

Fokusgedeelte: 1 Konings 14:1-6

Die Here sien elke mens in sy verhouding met Hom raak

Koning Jerobeam se kind is siek. Waarskynlik was hy die oudste kind, die troonopvolger, want “die hele Israel het oor hom gerou” (vers 18). Hy stuur sy vrou om in vermomming na die profeet Agija te gaan om uit te vind “wat met die kind gaan gebeur” (vers 3). Waarom die vermomming? Omdat Jerobeam en sy vrou niks met die profeet as “profeet” te doen wil hê nie, maar hom slegs wil gebruik as toekomsvoorspeller. Daarmee verraaai hulle hulle ware karakter: hulle is nie werklik oor die kind begaan nie, anders sou hulle gevra het na ‘n manier van genesing. Hulle is nie oor die Here begaan nie, anders sou sy haar nie vermom het nie, maar openlik voor God en sy profeet gaan staan het. Maar ‘n sondaar kan hom nie in die klere van ‘n heilige voordoen en dink hy kan God so mislei nie. Al is die profeet al blind van ouderdom, gee God hom die sig en insig om haar te sien soos sy is. Daarom is die eerste ding wat hy vir haar sê: “Jy is die vrou van Jerobeam” (vers 6). “Jy is!” God weet presies wie en wat elkeen van ons is en beoordeel ons in ons verhouding met Hom. God sien dwarsdeur die vermomming wat mense so maklik kan opsit. Jerobeam se vrou was baie seker daarvan dat sy onbekend sou bly. So is baie mense oortuig van die front wat hulle voorhou. As die Here jou egter stroop van al jou pretensie, hoe kaal is jy dan nie! Maar om kaalgestroop voor God te staan, kan ‘n groot genade wees. Toe Jesus, ons Verlosser, vir Saggeus wat Hy nog nooit ontmoet het nie, gesê het: “Saggeus”, was daar bekering en het daar vir hom en sy huis redding gekom. By hierdie vrou was daar nie bekering nie. Sy en haar man het, ten spyte van hulle ontmaskering, volhard in hulle afgodsdienste. Die seun sterf en leef (vers 13), maar sy ouers leef en is dood – vir ewig.

Sing: Psalm 51:2

Ds PH Fick (Komatipoort)